higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SKEP VAN NUWE ONDERNEMINGS
NKR VLAK 2

(3011032)

22 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees AL die vrae aandagtig deur.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie eksamenvraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.25) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n ... is 'n eienaarskapsvorm wat uit 'n maksimum van 20 mense kan bestaan.

A Private maatskappy
B Vennootskap
C Beslote korporasie
D Eenmansaak

1.1.2 'n ... is 'n soort organisasie wat deur 1 tot 10 mense opgerig word.

A Eenmansaak
B Vennootskap
C Beslote korporasie
D Private maatskappy

1.1.3 Die waardetoevoegingsproses wat 'n produk of diens ondergaan van grondstof tot afgewerkte produk of diens word ... genoem.

A waardeproduksie
B 'n waarde-inset
C 'n waardeketting
D 'n waardeplan

1.1.4 ... is EEN van die elemente van die bemarkingsmengsel.

A Produksie
B Persoonlikheid
C Bevolking
D Prysing

1.1.5 'n Uitdrukking van die inkomste en uitgawes wat jy verwag in die toekoms gaan plaasvind, word 'n ... genoem.

A begroting
B inkomstestaat
C proefbalans
D joernaal

1.1.6 Die koste verbonde aan die produsering van 'n enkelproduk word ... genoem.

A eenheidskoste
B 'n wins
C die verkoopsprys
D produksiekoste

NCV

1.1.7 Die bates wat aan 'n uitleeninstansie verpand word as waarborg dat die lening terugbetaal sal word, word ... genoem.

A aanvullende sekuriteit
B roerende bates
C 'n persoonlike motorvoertuig
D 'n bedryfsbate

1.1.8 'n ... is die metode wat gebruik word om 'n opname te maak.

A Ontleding
B Staafgrafiek
C Sektorgrafiek
D Vraelys

1.1.9 Die interne faktore wat 'n onderneming beïnvloed, word ... genoem.

A sterkpunte en swakhede
B sterkpunte en bedreigings
C swakhede en geleenthede
D geleenthede en bedreigings

1.1.10 'n Organisasie kan sy posisie met dié van ander mededingers vergelyk deur ... as hulpmiddel te gebruik.

A 'n SWOT-ontleding
B die bemarkingsmengsel
C PEST-faktore
D vraag

1.1.11 ... is 'n aktiwiteit wat algemeen by alle organisasies in 'n sektor voorkom.

A Vervoer
B Verpakking
C Bemarking
D Arbeid

1.1.12 Die wet van vraag bepaal dat, as die ...

A prys hoog is, meer produkte in aanvraag sal wees.
B prys laag is, meer produkte in aanvraag sal wees.
C prys laag is, minder produkte in aanvraag sal wees.
D prys hoog is, meer produkte in aanvraag sal wees.

1.1.13 ... soos kos, lug, water, warmte en basiese noodsaaklike artikels maak deel van oorlewingsbehoeftes uit waarin voorsien moet word.

A Fisiologiese behoeftes
B Veiligheidsbehoeftes
C Selfverwesenlikingsbehoeftes
D Status- en agtingsbehoeftes

Kopiereg voorbehou

1.1.14 Die koste wat dieselfde bly met die hoeveelheid aangekoop, ongeag hoeveel eenhede geproduseer word, word ... genoem.

A veranderlike koste
B bedryfskoste
C vaste koste
D totale koste

1.1.15 EEN van die volgende is 'n kenmerk van 'n produk:

A Ontasbaar
B Tasbaar
C Onafskeidbaar
D Veranderlik

1.1.16 Mynbou, landbou, visserye en bosbou is goeie voorbeelde van die ... sektor.

A tersiêre
B sekondêre
C primêre
D intermediêre

1.1.17 Wins is die verskil tussen ...

A inkomste en uitgawes.
B vaste en veranderlike koste.
C beginvoorraad en eindvoorraad.
D netto wins en netto inkomste.

1.1.18 Die doel van hierdie soort vrae in 'n vraelys is om 'n uiters spesifieke antwoord te verkry, gewoonlik 'ja' of 'nee'.

A Oopeindvrae
B Geslote vrae
C Openingsvrae
D Geslote-eindvrae

1.1.19 Eksterne faktore word dikwels ... genoem.

A SWOT
B PEST
C BTW
D SABC

NCV

1.1.20 ... stel jou in staat om geld uit jou rekening te trek, selfs wanneer jy nie genoeg geld het nie.

A Ekonomiese fasiliteite
B Leningsfasiliteite
C Wanbetalingsfasiliteite
D Oortrokke fasiliteite

1.1.21 ... is inligting wat spesifiek vir die huidige projek ingesamel word.

A Primêre data
B Sekondêre data
C Eksperimenteringsdata
D Ontledingsdata

1.1.22 ... koop goedere en dienste vir persoonlike gebruik aan.

A Entrepreneurs
B Verbruikers
C Die regering
D Produsente

1.1.23 'n ... is die hoeveelheid geld wat verwag, vereis of gegee word as betaling van iets.

A Promosie
B Plek
C Prys
D Produk

1.1.24 ... is 'n onderneming se besittings.

A Laste
B Verliese
C Koste
D Bates

1.1.25 ... maak dat jou produk of diens aantrekliker vir klante is as dié van jou mededingers.

A 'n Mededingingsvoordeel
B 'n Kreatiewe voordeel
C Klantevoordeel
D 'n Vergoedingsvoordeel

(25 × 1) (25)

Kopiereg voorbehou

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.25) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Grondstof- en vervoerkoste is voorbeelde van veranderlike koste.

1.2.2 Biblioteke en die internet is bronne van sekondêre data.

1.2.3 'n Goeie klanteopname sal jou help om klante se verwagtinge te identifiseer.

1.2.4 Eienaarskap kan maklik in 'n beslote korporasie oorgedra word.

1.2.5 Met beperkte aanspreeklikheid word bedoel dat 'n onderneming se eienaars vir die onderneming se skuld verantwoordelik is, maar slegs in die mate waarin hulle beleggings in die onderneming gemaak het.

1.2.6 'n Verandering in die rentekoers het geen uitwerking op die ekonomie nie.

1.2.7 'n Sakeplan verskaf die breë uiteensetting waarvolgens jy jou onderneming kan bedryf.

1.2.8 Verbruikersbehoeftes, -begeertes en -vraag is konstant en verander nie met verloop van tyd nie.

1.2.9 Dit is noodsaaklik om jou teikenmark in aanmerking te neem wanneer jy jou produk/diens adverteer.

1.2.10 Mededinging tussen maatskappye lei tot laer pryse.

1.2.11 Sekuriteit is die beskikbaarheid van kos, klere en behuising vir die afsienbare toekoms.

1.2.12 Die hoofdoelwit van enige sakeonderneming is om klante aan te moedig om lojale kopers te word.

1.2.13 Die geld wat benodig word om met 'n onderneming te begin, word kapitaal genoem.

1.2.14 Die punt, waarby uitgawes meer as inkomste is, staan as 'n gelykbreekpunt bekend.

1.2.15 'n Produk is iets waaraan jy kan raak en wat jy kan voel en sien.

1.2.16 Bedryfslaste is lenings wat oor 'n tydperk van meer as EEN jaar terugbetaalbaar is.

1.2.17 'n Private kollege is 'n voorbeeld van 'n organisasie sonder winsoogmerk.

1.2.18 Sekondêre data is die inligting wat jy, as entrepreneur, op jou eie insamel.

Kopiereg voorbehou

1.2.19 Private maatskappye bied gewoonlik hul aandele aan die publiek aan.

1.2.20 Abraham Maslow het 'n teorie ontwikkel waarvolgens mense se behoeftes in 'n bepaalde volgorde en op sekere tydstippe voorkom.

1.2.21 Direkte koste hou verband met die produsering van goedere vir verkope.

1.2.22 'n Verkoopsbegroting is 'n voorspelling van hoeveel produkte of dienste 'n onderneming in 'n bepaalde tydperk sal verkoop.

1.2.23 Bygelowe van klante is ook faktore wat mense daarvan kan weerhou om jou produk te koop.

1.2.24 'n Eenmansaak se rekeninge moet professioneel geoudit word.


1.2.25 Produksie is die gevolg van die transformasieproses.

(25 × 1) (25)
[50]

TOTAAL VIR AFDELING A: 50

AFDELING B

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.



Food ZB is 'n spyseniersmaatskappy wat Zack Brown gestig het nadat hy 'n leemte in die mark raakgesien het. Aangesien die ywerige 25-jarige sien hoe mense funksies verlaat en dan kos by ander restaurante gaan koop, besluit hy om met 'n spyseniersmaatskappy te begin. Zack dra R20 000 as aanvangskapitaal by om voorbedryfskoste, vaste koste en maandelikse uitgawes vir sy onderneming te dek. Hy stel vyf mense aan om hom in die onderneming te help. Hy doen ook aansoek om 'n lening van R15 000 by ABC Bank teen 10,5% rente per jaar vir 15 maande.

Hy het die volgende maandelikse uitgawes:

Huurgeld	R1 500
Reklame	R500
Salarisse	R5 000
Telefoon	R400
Elektrisiteit	R400

VRAAG 2

2.1 Dui die eienaarskapsvorm van Food ZB aan. (1)

2.2 Verduidelik VIER voordele van bogenoemde soort onderneming. (4 × 2) (8)

2.3 Stel 'n tabel op waarin jy TWEE sterkpunte en TWEE swakhede van Zack se onderneming identifiseer. (4)

2.4 Zack is nie by enige professionele organisasie geregistreer nie.

Verduidelik DRIE voordele wat Zack kan geniet deurdat hy aan 'n professionele instansie behoort. (3 × 2) (6)

2.5 2.5.1 Noem die DRIE sakesektore in die Suid-Afrikaanse ekonomie. (3)

2.5.2 Gee EEN voorbeeld van elke sakesektor wat in VRAAG 2.5.1 genoem word. (3)
[25]

VRAAG 3

3.1 Identifiseer die volgende op grond van Food ZB se maandelikse uitgawes:

3.1.1 TWEE soorte vaste koste (2)

3.1.2 DRIE soorte veranderlike koste (3)

3.2 Zack hoor van die P's in bemarking.

Dui aan waarvoor elkeen van die P's staan. (4)

3.3 Bereken, met behulp van die inligting in die scenario, hoeveel rente Zack ná 15 maande op die lening sal betaal.

Gebruik hierdie formule vir enkelvoudige rente: $I = \frac{P \times R \times T}{100}$. (4)

3.4 Bereken die totale bedrag wat Zack ná 15 maande sal betaal. (2)

Kopiereg voorbehou

3.5 Voltooi Food ZB se kontantvloeibegroting. Skryf slegs die ontbrekende syfers langs die vraagnommer (3.5.1–3.5.6) in jou ANTWOORDBOEK neer.

Food ZB se kontantvloeibegroting		
	September	**Oktober**
Banksaldo aan die begin van die maand	R12 000	**(3.5.4)**
INKOMSTE		
Kontantverkope	R 8 000	R 7 000
Kredietverkope	R 3 000	R 2 000
Ander inkomste	R 2 000	R 1 700
TOTALE ONTVANGSTE	**(3.5.1)**	**(3.5.5)**
BETALINGS		
Kontantaankope	R 6 000	R 4 500
Maandelikse uitgawes	R10 400	R 9 000
Ander betalings	R 1 700	R 1 000
TOTALE BETALINGS	**(3.5.2)**	R14 500
Banksaldo aan die einde van die maand	**(3.5.3)**	**(3.5.6)**

(10)
[25]

VRAAG 4

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.



ROYAL SKIN COSMETICS

Mandisa Khoza, 'n 26-jarige gegradueerde in homeopatie, is die stigter van die Royal Skin Cosmetics-maatskappy. Sy vervaardig natuurlike velsorgprodukte wat plantolies en vlugtige olies bevat. Haar produkte is natuurlik en vry van enige skadelike sintetiese chemikalieë. Vergeleke met ander skoonheidsprodukte is dit veilig om Royal Skin Cosmetics se produkte te gebruik.

4.1 Verduidelik kortliks DRIE metodes waarvolgens primêre data ingesamel kan word wat Mandisa kan gebruik om markinligting vir haar onderneming in te win. (3 × 2) (6)

4.2 Verduidelik kortliks TWEE faktore wat die *prysing* van Royal Skin Cosmetics sal beïnvloed. (2 × 2) (4)

4.3 Die volgende inligting is tydens marknavorsing ingewin:

PRODUKTE	HOEVEELHEID GEVRA
Lyfroom	60
Gesigroom	85
Voetroom	45
Haaraanvulling	40

4.3.1 Trek 'n sektorgrafiek ('pie chart') om die inligting wat tydens die marknavorsing ingewin is, voor te stel. (9)

4.3.2 Interpreteer die resultate wat in die sektorgrafiek voorgestel word met behulp van die volgende gradering:

1 = swak; 2 = gemiddeld; 3 = goed; 4 = uitstekend (4)

4.4 4.4.1 Dui aan of Royal Skin Cosmetics se fokus op 'n diens- of 'n produkmark ingestel is. (1)

4.4.2 Gee redes vir jou antwoord in VRAAG 4.4.1. (1)

[25]

VRAAG 5

5.1 Ondernemings moet hul klante se verskillende soorte behoeftes kan identifiseer.

Help Mandisa om haar klante se behoeftes te identifiseer deur Maslow se behoeftehiërargie te teken. Rangskik die behoeftes hier onder in die korrekte volgorde in 'n hiërargiese struktuur.

- Sosiale behoeftes
- Veiligheidsbehoeftes
- Selfverwesenlikingsbehoeftes
- Status- en agtingsbehoeftes
- Fisiologiese behoeftes (5 + 1) (6)

5.2 Identifiseer VYF faktore wat mense kan verhinder om produkte by Mandisa te koop. (5)

5.3 Verduidelik VIER kenmerke van *dienste*. (4 × 2) (8)

5.4 Noem VIER voorbeelde van reklamemedia wat Mandisa kan gebruik om haar onderneming te adverteer. (4)

5.5 Lenings-/skuldfinansiering is 'n voorbeeld van kapitaalfinansiering.

Noem TWEE ander finansieringsbronne. (2)

[25]

TOTAAL VIR AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou